Conquesta

JARE VAN UITNEMENDHEID – GEVESTIG 1998

(Internasionale Meervoudige Keusevrae vir Skool Olimpiades vir Graad 1 - 7)

Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, KwaZulu Natal, Suid-Afrika * Tel: (031) 764-1972

Faks: (031) 764-0074 of (086) 637-7808 * E-pos: conquest@iafrica.com * Webtuiste: www.conquestaolympiads.com

Vir aandag:- Die olimpiade organiseerder

Instruksies vir 2011 olimpiades – alle grade

Welkom by Conquesta 2011. Ons bedank u vir u deelname en hoop dat u leerders dit sal geniet om elke olimpiade aan te pak soos wat ons dit geniet het om dit op te stel.

Sodra die skool hul instruksies, tesame met persoonlike antwoordblaaie vir alle deelnemers, sowel as die aantal vraestelle, volgens u inskrywings, ontvang, gaan asseblief onmiddellik die ingeslote hoeveelhede vir alle grade na. U sal die aantal vraestelle per vak en graad in 'n tabel op bladsy 5 van die dekbrief ontvang. Lig assebelief alle leerders vroegtydig in oor wat hulle benodig voordat hulle die olimpiades skryf *(sien bo-aan bladsy 2 vir graad 4-7 en bladsy 3 vir graad 1-3).*

Vir graad 4 – 7 studente:- Lees die belangrike kennisgewing hieronder om jou voor die tyd vertroud te maak met die vereistes, ten einde bevrediging met die uitslae van die olimpiades te verseker.

Die uwe,
Die Conquesta organiseerders

BELANGRIKE KENNISGEWING i/s graad 4–7 antwoordblaaie

Organiseerders en/of onderwysers wat die olimpiades administreer, moet hierdie lees

Dit is uiters belangrik om daarvan kennis te neem dat Conquesta nou die antwoordblaaie elektronies skandeer vir graad 4 – 7; om tydige aflewering van die sertifikate en absolute akkuraatheid van die uitslae te verseker.

Dit is derhalwe van kardinale belang dat skole by die sewe punte hieronder hou:

1. Studente moet die instruksies bo-aan die eerste bladsy van hul vraestelle nakom, en die letter op die ooreenstemmende blokkie op die antwoordvel doodkrap deur **SLEGS 'n swart of blou balpunt- of kokipen** te gebruik. Hulle moet slegs een letter per vraag doodkrap en nie die hele blokkie inkleur nie. Sien voorbeeld 1 hieronder. Indien 'n leerder 'n fout maak en eerder b as die antwoord wil merk, moet c netjies doodgetrek word en b gemerk word *(sien voorbeeld 2 hieronder)*.

Voorbeeld 1: | 4. | a | b | ● | d |

Voorbeeld 2: | 4. | a | ● | ☒ | d |

Glimpenne, kleurpotlode, vetkryt en potlode is ONTOELAATBAAR om die vierkante op die antwoordblaaie in te vul, aangesien die skandeertoerusting dit nie sal kan sien nie en dit derhalwe sal verwerp.
MOENIE TIPPEX OF GOM BEGRUIK NIE.

2. Die enigste verandering wat op die antwoordblaaie mag plaasvind, is regstellings aan studente se name. NIKS ANDERS MAG VERANDER WORD NIE.
3. Jy mag nie byvoeg, wysig, deel of vakke uitruil nie, aangesien die skandeerder dit nie sal herken nie en jou antwoordblad verwerp sal word. As 'n student nie meer 'n vak wil skryf nie, mag daardie vak onder geen omstandighede na 'n ander student oorgedra word nie want dit sal verwerp en gevolglik nie gemerk word nie.
4. Antwoordblaaie moet nie gekram word nie, aangesien dit in die skandeertoerusting sal vashaak. Leerders se oorspronklike antwoordblaaie moet teruggestuur word, in numeriese volgorde. Gefotostateerde antwoordblaaie word deur die skandeerder verwerp.
5. Ons betaal nie studente terug wat afwesig is, of vir welke rede ookal, nie skryf nie.
6. Alle vraestelle wat gedurende Augustus en September geskryf word, **moet aan die skool teruggegee word vir bewaring tot die einde van die dag van 21 September 2011 – die laaste dag waarop olimpiades geskryf word.** Slegs dan kan hulle aan studente gegee word om huis toe te neem.
7. Dit is noodsaaklik dat die onderwysers wat die olimpiades administreer, hierdie instruksies sowel as die prosedures op bladsy 2 nakom, ten einde te verseker dat alle antwoordblaaie aanvaar word.

2011 Graad 4–7 instruksies vir onderwysers wat olimpiades administreer

Belangrike voorafkontrole

Kontroleer onmiddellik dat al die antwoordblaaie en vraestelle ingesluit is. *(Sien bladsy 5 op dekbrief vir hoeveelhede.)*
Kontak ons kantoor onmiddellik indien daar enige afwykings is.
Maak seker dat al die vakke wat geskryf gaan word, sowel as studente se name, korrek geregistreer is.
Indien 'n naam verkeerd gespel is, moet dit doodgetrek word en die korrekte naam duidelik en netjies aangebring word.
GEBRUIK 'n PEN, NIE 'n POTLOOD NIE.
MOENIE DIE STUDENT SE NOMMER OF ENIGE VAN DIE VAKKE OF VAKNOMMERS VERANDER NIE.

Belangrike reëlings voor aflegging – lig studente betyds in

Sakrekenaars word benodig vir Wiskunde en Bybels vir Bybelstudie.
Daar word aanbeveel dat studente vir ALLE VAKKE die volgende byderhand het: 'n liniaal, **swart of blou balpunt- of koki penne**, rofwerkpapier en 'n sakrekenaar. Woordeboeke word toegelaat vir taalvakke.
Glimpenne, kleurpotlode, vetkryt, potlode, tippex en gom MAG NIE op die antwoordblaaie gebruik word nie.

Prosedures vir die skryf van olimpiades

Volg asseblief die onderstaande prosedures sodat studente die volle voordeel van die olimpiades kan geniet.

1) **Verseker asseblief dat jy die instruksies op bladsy 1 volg**, aangesien dit van kardinale belang is vir die korrekte administrasie van ons olimpiades, daar ons nou die antwoordblaaie skandeer en nie wil hê dat enige verwerp word nie.
2) Daar is aan elke deelnemer die korrekte aantal persoonlike antwoordblaaie toegeken waarop die vak(ke) waarvoor hy/sy ingeskryf het, aangedui word. Hierdie antwoordblad/blaaie moet gebruik word vir alle olimpiades wat die student skryf.
3) Die antwoordblaaie moet voor die vraestelle uitgedeel word en die studente moet herinner word om NIE glimpenne, kleurpotlode, vetkryt of potlode te gebruik nie. Om te verseker dat hulle die korrekte rooster invul, moet hulle ook gesê word om 'n klein kruisie **langs** die vak-opskrif van daardie besondere olimpiade te trek *(die kruisie moenie die vaknaam of –nommer raak nie; dit benadeel die skandering)*. *(Onthou jy kan nie die vak-opskrifte verander nie.)*
4) Deel nou die vraestelle uit en LEES SAAM MET HULLE DEUR DIE VERWELKOMINGSBOODSKAP EN INSTRUKSIES aan die begin van elke vraestel. Die tydsduur word in die boonste linkerhoek van die eerste bladsy van elke vraestel aangedui *(sien ook bladsy 4).*
5) Wanneer die studente 'n BEPAALDE OLIMPIADE VOLTOOI HET, WORD DIE ANTWOORDBLAAIE INGENEEM. Dit word weer uitgedeel met elke verdere olimpiade wat geskryf word. **Neem ook telkens die vraestelle op; wat bewaar moet word tot 21 September 2011** *(sien nota 6 op bladsy 1).*
6) Na voltooiing van die laaste olimpiade moet ALLE antwoordblaaie oplyktydig en so spoedig moontlik na Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika, gestuur word, **IN NUMERIESE VOLGORDE** *(volgens leerdernommer)*. **Stuur asseblief die oorspronklike antwoordblaaie terug** en moet dit **nie vaskram** *(sien nota 4 op bladsy 1)* of stuksgewys aanstuur nie, aangesien dit die gladde prosessering van sertifikate na die skool belemmer.
7) Dit word sterk aanbeveel dat skole afskrifte van die antwoordblaaie hou, en die wat gepos word, word per geregistreerde pos aanstuur.
8) Dit is **die skool se verantwoordelikheid om Conquesta te kontak** indien die sertifikate nie teen die einde van Oktober ontvang is nie. Ons sal die naspoornommer verskaf om sodoende vas te stel waar die sertifikate opgespoor kan word.
9) Indien u enige **OPBOUENDE VOORSTELLE** het, hoor ons graag van u.

Elke deelnemer sal 'n sertifikaat ontvang, ongeag die uitslae, ter erkenning van sy/haar poging. Weereens wens ons u en u studente die beste toe en ons sien daarna uit om jul antwoordblaaie, **SONDER ENIGE KRAMME DAARIN**, teen einde Augustus te ontvang *(of einde September vir 3-termyn skole).*

ONS VORIGE VRAESTELLE IS DWARSDEUR DIE JAAR BESKIKBAAR.
VORIGE VRAESTELLE KAN VANAF ONS WEBTUISTE BY www.conquestapastpapers.com BESTEL WORD.

2011 Graad 1–3 instruksies vir onderwysers wat olimpiades administreer

Belangrike voorafkontrole

Kontroleer onmiddellik dat al die vraestelle ingesluit is. *(Sien bladsy 5 van dekbrief vir hoeveelhede.)*
Kontak ons kantoor onmiddellik indien daar enige afwykings is.
Maak seker dat al die vakke wat geskryf gaan word, sowel as studente se name, korrek geregistreer is.
Indien 'n naam verkeerd gespel is, moet dit doodgetrek word en die korrekte naam duidelik en netjies aangebring word.
GEBRUIK 'n PEN, NIE 'n POTLOOD NIE.
MOENIE DIE STUDENT SE NOMMER OF ENIGE VAN DIE VAKKE OF VAKNOMMERS VERANDER NIE.

Belangrike reëlings voor aflegging – lig studente betyds in

Daar word aanbeveel dat studente vir ALLE VAKKE 'n liniaal, 'n potlood, skerpmaker, sagte uitveër (wisser) en rofwerkpapier byderhand het. Sakrekenaars word toegelaat vir Syfergeletterdheid.

Prosedures vir die skryf van olimpiades

1) Lees eers hierdie asseblief.:- Daar is aan elke deelnemer 'n persoonlikte vraestel toegeken. Name en indiwiduele studentenommers is op die vraestelle gedruk. U mag nie die studentenommers of die vakke wat geskryf word, wysig nie. Die enigste wysiging wat toegelaat word op die vraestelle, is die student se naam – u mag die verkeerde spelling korrigeer. NIKS ANDERS MAG GEWYSIG WORD NIE. Jy mag nie byvoeg, wysig, deel of vakke uitruil nie. As 'n student nie meer 'n vak wil skryf nie, mag daardie vak onder geen omstandighede na 'n ander student oorgedra word nie want dit sal verwerp en gevolglik nie gemerk word nie. Ons betaal nie studente terug wat afwesig is, of vir welke rede ookal nie skryf nie.
2) Deel die vraestelle uit. Dit is uiters belangrik dat die skool en studente die spelling van studente se name kontroleer. Korreksies, waar nodig, moet op die vraestelle aangebring word ten einde te verseker dat die name korrek op die sertifikate aangebring word. Indien enige sertifikate foutiewe name toon as gevolg van die feit dat die skool nie die korreksies aangebring het nie, sal enige vervangingsertifikate op die skool se koste geskied.
3) LEES DIE VERWELKOMINGSBOODSKAP EN INSTRUKSIES aan die begin van elke vraestel saam met die studente en gaan sorgvuldig deur die voorbeeld hoe om antwoorde te omkring aan die regterkant van elke vraag. Die tydsduur is in die boonste linkerhoek van bladsy 1 van elke vraestel aangedui *(sien ook bladsy 4)*. Onderwysers word toegelaat om die inligting, vrae en antwoorde vir die studente te lees terwyl hulle skryf, maar die studente moet hul eie antwoorde kies.
4) Sodra die studente 'n olimpiade voltooi het, moet die vraestelle opgeneem word vir terugbesorging aan Conquesta. **Studente mag nie kopieë van hul vraestelle gegee word om huis toe te neem voor die einde van die dag van 21 September 2011 nie – die laaste dag waarop die olimpiades geskryf word.**
5) Vraestelle **MOET in STRENG NUMERIESE VOLGORDE *(volgens studentenommer)*** so spoedig moontlik aan Conquesta, Posbus 99, Kloof, 3640, Suid-Afrika, terugbesorg word. Hou die vakke afsonderlik, soos gesien word op die boonste regterkant van die eerste bladsy van elke vraestel. Moet NIE die vraestelle vaskram nie. Moet dit asseblief nie stuksgewys terugbesorg nie, aangesien dit die gladde prosessering van sertifikate na skole belemmer.
6) Dit word sterk aanbeveel dat skole afskrifte van die antwoordblaaie hou, en die wat gepos word, per geregistreerde pos aanstuur.
7) Dit is **die skool se verantwoordelikheid om Conquesta te kontak** indien die sertifikate nie teen die einde van Oktober ontvang is nie. Ons sal die naspoornommer verskaf om sodoende vas te stel waar die sertifikate opgespoor kan word.
8) Indien u enige **OPBOUENDE VOORSTELLE** het, hoor ons graag van u.

Elke deelnemer sal 'n sertifikaat ontvang, ongeag die uitslae, ter erkenning van sy/haar poging. Weereens wens ons u en u studente die beste toe en ons sien daarna uit om jul vraestalle teen einde Augustus te ontvang *(of einde September vir 3-termyn skole).*

ONS VORIGE VRAESTELLE IS DWARSDEUR DIE JAAR BESKIKBAAR.
VORIGE VRAESTELLE KAN VANAF ONS WEBTUISTE BY www.conquestapastpapers.com BESTEL WORD.

2011 Tydsduur van olimpiades

(Tydsduur is ook gedruk in die boonste linkerhoek van die voorblad van elke vraestel.)

Hierdie tye is slegs 'n riglyn en onderwysers moet hul diskresie gebruik aangaande die tydbehoeftes van hul studente.

Graad 1 – 3

Vakke	**Skryfdatums** 4-Termyn skole *3-Termyn skole*	Graad 1	Graad 2	Graad 3
Syfergeletterdheid	15 Aug. 2011 *12 Sept. 2011*	20 vrae 40 minute	20 vrae 40 minute	25 vrae 60 minute
English Literacy	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	20 vrae 40 minute	20 vrae 40 minute	25 vrae 60 minute
Taalgeletterdheid	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	20 vrae 40 minute	20 vrae 40 minute	25 vrae 60 minute
Lewensorientëring	17 Aug. 2011 *14 Sept. 2011*	20 vrae 40 minute	20 vrae 40 minute	25 vrae 60 minute

Graad 4 – 7

* Die volgende vakke se vraestelle is slegs in Engels beskikbaar. Ongelukkig kos dit meer om die onderwysers te besoldig wat hierdie vraestelle opstel as wat die verdienste uit Afrikaanse inskrywings is in hierdie vakke.
  * Arts & Culture *(Kuns & Kultuur)*
  * Bible Study *(Bybelkunde)*
  * General Knowledge *(Algemene Kennis)*
  * Computer Literacy *(Rekenaargeletterdheid)*
  * Economic Management Sciences *(Ekonomiese & Bestuurswetenskappe)*

Vakke	**Skryfdatums** 4 Termyn skole *3 Termyn skole*	Graad 4	Graad 5	Graad 6	Graad 7	Belangrike kennisgewing
Wiskunde 1	15 Aug. 2011 *12 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	Kontroleer asseblief die spelling van studente se name. Korreksies, waar nodig, moet op die antwoordblaaie aangebring word om te verseker dat die name korrek op die sertifikate verskyn. As enige sertifikate foutiewe name toon as gevolg daarvan dat die skool nie die nodige korreksies aangebring het nie, sal vervangingsertifikate op die skool se koste geskied.
Wiskunde 2	15 Aug. 2011 *12 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
English Language 1	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
English Language 2	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
Afrikaans Taal 1	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
Afrikaans Taal 2	16 Aug. 2011 *13 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
Natuurwetenskappe	17 Aug. 2011 *14 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
Sosiale Wetenskappe *(Ekstra tyd nodig.)*	18 Aug. 2011 *15 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
* Arts & Culture	19 Aug. 2011 *16 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
Lewensvaardighede	22 Aug. 2011 *19 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
* Bible Study *(Ekstra tyd nodig vir Bybelnaslaan.)*	22 Aug. 2011 *19 Sept. 2011*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
*** General Knowledge** *(Minder tyd nodig.)*	23 Aug. 2011 *20 Sept. 2012*	30 vrae **45 minute**	50 vrae **60 minute**	50 vrae **60 minute**	50 vrae **60 minute**	
* Computer Literacy *(Microsoft 2003)*	23 Aug. 2011 *20 Sept. 2012*	30 vrae 60 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	50 vrae 90 minute	
* Eco. Management Sci. *(Net graad 7 leerders)*	24 Aug. 2011 *21 Sept. 2011*	-	-	-	50 vrae 90 minute	

ONS VORIGE VRAESTELLE IS DWARSDEUR DIE JAAR BESKIKBAAR.
VORIGE VRAESTELLE KAN VANAF ONS WEBTUISTE BY www.conquestapastpapers.com BESTEL WORD.